**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

DEUS EST VITA

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# 2020: JAAR VAN DIENS-UITNEMENDHEID!

**NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DONDERDAG 10 DESEMBER 2020 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG.**

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Voorsitter van Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. FM Lötter | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. AC Koch | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mev. J Erasmus | : | Interne Ouditeur |
| Mnr. NJ Scheepers | : | Hoof: Sekretariaat & Rekordsbestuur |
| Mev. AC Beukes | : | Klerk: Komitees |

***

**AKSIE**

**BKN001/12/2020**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Bestuurder: Gemeenskapsfasiliteite open die vergadering met gebed, waarna die Voorsitter almal teenwoordig verwelkom.

***

**BKN002/12/2020**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Raadsdame S Crafford – vergadering met Minister van Behuising
Interne Ouditeur - gesinsverantwoordelikheidsverlof

***

**BKN003/12/2020**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**BKN004/12/2020**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULES VAN DIE VORIGE VERGADERINGS GEHOU OP DONDERDAG 12 NOVEMBER 2020 EN DINSDAG 24 NOVEMBER 2020**
**3/3/2/2**

**BESLUIT**

Dat die notules van die vorige vergaderings, soos gehou op Donderdag 12 November 2020 en Dinsdag 24 November 2020, bekragtig word.

***SENIOR TIKSTER (JM. ROSENBERG)***

***

**BKN005/12/2020**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERINGS SOOS GEHOU OP DONDERDAG 12 NOVEMBER 2020 EN DINSDAG 24 NOVEMBER 2020**
***(Die verslag, soos voorheen elektronies versprei, word ter tafel gelê – Bylae A)***

Die Munisipale Bestuurder gee mondelinge terugvoer met betrekking tot die verslag, soos voorgelê.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die implementeringsverslag, soos voorgelê.

***

**BKN006/12/2020**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN007/12/2020**
**KORRUPSIE EN RISIKO'S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**12/2/2/21**

Die Munisipale Bestuurder gee mondelings terugvoer met betrekking tot die vordering in die Scholtz-saak wat verhoor was in die kommersiële hof op 9 Desember 2020 en meld dat die saak weer deur die Hof aangehoor sal word op Woensdag 27 Januarie 2021, waarna verdere terugvoer gegee sal word aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN008/12/2020**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Voorsitter doen die volgende mededelings:

- Hy bedank alle Raadslede en die Direksie vir hul volgehoue ondersteuning, leiding en bystand gelewer deur die moeilike jaar en spreek ook sy waardering uit teenoor alle werknemers van Bergrivier Munisipaliteit; en
- Dat 'n virtuele Uitvoerende Burgemeesterskomitee sal plaasvind op Maandag 14 Desember 2020 om 11:00 vanaf Piketberg.

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:

- Dat sy die administrasie bedank vir hul toegewyde ondersteuning en bystand gedurende die jaar; en
- Sy wens die Raad en elke werknemer seënwense toe vir die komende feestyd.

***

**BKN009/12/2020**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN010/12/2020**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Op navraag deur Raadslid Wessels oor die uitkomste/skikking van die arbitrasie-saak tussen SALGA (namens Bergrivier Munisipaliteit) en MATUSA, lig die Direkteur Korporatiewe Dienste die vergadering breedvoerig in oor die uitkomste/skikking wat bereik is.

Die Uitvoerende Burgemeester bedank die administrasie vir die wyse waarop die saak hanteer is.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN011/12/2020**
**<u>EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER; AFSKRYF VAN UITSTAANDE REKENINGE</u>**
**9/1/2**
***(Die verslag, soos voorheen elektronies versprei, word ter tafel gelê – Bylae B)***

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die item oorstaan vir bespreking by die volgende virtuele vergadering van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, soos geskeduleer vir Maandag 14 Desember 2020 om 11:00 vanaf Piketberg.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE (14/12/2020)***

***

**BKN012/12/2020**
**<u>TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: MUNISIPALE EKSTERNE STUDIEBEURSAANSOEK VIR 2021</u>**
**4/4/3/1**
***(Die verslag, soos voorheen elektronies versprei, word ter tafel gelê – Bylae C)***

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die item oorstaan vir bespreking by die volgende virtuele vergadering van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, soos geskeduleer vir Maandag 14 Desember 2020 om 11:00 vanaf Piketberg.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE (14/12/2020)***

***

**BKN013/12/2020**
**<u>DERDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: SKIPPROBLEME: VELDDRIF</u>**
**4/4/3/1**
***(Die verslag, soos voorheen elektronies versprei, word ter tafel gelê – Bylae D)***

Die Direkteur Tegniese Dienste lê 'n verslag voor rakende vullisstortings-probleme in Velddrif, ter kennis name.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN014/12/2020**
**<u>VIEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: INFORMATION STATEMENT: RAISING OF NEW LONG TERM DEBT 2020-2021</u>**
**4/4/3/1**
***(Die verslag, soos voorheen elektronies versprei, word ter tafel gelê – Bylae E)***

Die Direkteur Finansiële Dienste gee bondig agtergrond oor die item onder bespreking.

**<u>RECOMMENDATION: TO BE RESOLVED BY COUNCIL</u>**

That Council take note of the information statement submitted herewith in terms of Section 46(3)(b) of the MFMA.

***

**BKN015/12/2020**
**VERSOEK OM VERVREEMDING VAN 'N GEDEELTE PUBLIEKE STRAAT IN PORTERVILLE (PORTERSTRAAT)**
**7/2/3/1;PTV.1017 & 1151**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item kortliks in en hou die aanbeveling voor, waarop verdere kommentaar gelewer word deur die Komiteelede.

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

Dat die versoek om 'n gedeelte van Porterstraat te vervreem **nie goedgekeur word nie** omrede: daar munisipale elektriese dienste is wat tussen die erwe 1151, 1017 en Erf 1179 Porterville geïnstalleer is en word die gedeelte publieke straat vir toekomstige dienslewering benodig, aangesien Erf 1179, Porterville tans in die Munisipaliteit se Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk, 2019-2024 geoormerk word vir invul residensiële ontwikkeling.

***

**BKN016/12/2020**
**TOESTEMMING VIR GEBRUIK VAN MUNISIPALE GROND GEDEELTE VAN ERF 1002, PORTERVILLE (MEENT)**
**7/2/3/2;PTV.1002**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item kortliks in. Voorts lees hy die aanbevelings voor aan die vergadering.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Voorsitter, Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur en Raadslid Du Plooy.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat Porterville Sports Development Centre (N.P.O.: 199-033) met Porterville Sportraad affilieër en hul behoeftes daar kommunikeer ten einde ondersteuning vir hul aktiwiteite te verkry;

2. Dat die gedeelte van Erf 1002, Porterville (meent) nie aan Porterville Sports Development Centre (N.P.O.: 199-033) verhuur word nie, maar dat daar wel toestemming aan hulle verleen word dat die gedeelte van Erf 1002, Porterville (meent) gebruik kan word vir ontwikkeling van jeug in sport, op voorwaarde dat 'n skriftelike ooreenkoms opgestel word waarin Bergrivier Munisipaliteit gevrywaar word van enige aanspreeklikheid vir enige beserings of eise wat weens die aktiwiteite van die Porterville Sports Development Centre (N.P.O.: 199-033) kan ontstaan;

3. Gebruik van die gedeelte grond sal nie eksklusief wees nie, dus kan ander lede van die gemeenskap nie toegang verbied word nie en sal Porterville Sports Development Centre (N.P.O.: 199-033) ook nie voorkeur gebruik verkry nie; en

4. Dat enige verbeterings wat deur Porterville Sports Development Centre (N.P.O.: 199-033) op die grond aangebring word, gedoen word slegs met vooraf goedkeuring van Bergrivier Munisipaliteit se toepaslike direktoraat en enige permanente verbeterings sal sonder vergoeding die eiendom van Bergrivier Munisipaliteit word.

***

***(Die Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur verlaat om 10:55 die vergadering na afhandeling van item BKN014)***

**BKN017/12/2020**
**VEHICLE REPLACEMENT POLICY**
**2/B**

Die Direkteur Tegniese Dienste gee breedvoerig agtergrond oor die item onder bespreking en hou die aanbeveling voor.

Verskeie insette en kommentare word gelewer deur die Komiteelede.

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

Dat die Raad die “Vehicle Replacement Policy” oorweeg en goedkeur.

***

**BKN018/12/2020**
**SOMER VOORBEREIDINGSPLAN**
**17/11/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy lei die item kortliks in en hou die aanbeveling en vloeidiagram voor vir goedkeuring, waarna die Direkteur Gemeenskapsdienste die hantering van vuurwerke (punt 3) in die aanbeveling verder toelig.

Verskeie insette en kommentare word gelewer deur die Voorsitter, Komiteelede en Direkteur Gemeenskapsdienste, waarna die Munsipale Bestuurder bevestig dat geen byeenkomste en amptelike vergaderings van die Raad gedurende die feesseisoen sal plaasvind nie.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die Raad kennis neem van die somer voorbereidingsplan vir die Bergrivier Munisipale gebied;
2. Dat die somer voorbereidingsplan vir die publiek beskikbaar gestel word;
3. Dat die Raad die afvuur van vuurwerke streng verbied;
4. Dat Porterville-dam en munisipale swembaddens **gesluit sal wees** vir die publiek/vakansiegangers op **16, 25 Desember 2020 en 1 Januarie 2021**; en
5. Dat Porterville-dam en munisipale sembaddens sal **op naweke oop wees** vanaf Vrydae tot Sondae met die nodige toepassing van die COVID-19 regulasies.

***

**BKN019/12/2020**
**PMU & BUILDING CONTROL – NOVEMBER 2020**
**9/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Wessels lei die item kortliks in en hou die aanbeveling voor vir oorweging.

**RESOLUTION**

That the Executive Mayoral Committee note the progress of MIG, EPWP and BUILDING CONTROL projects.

***MANAGER: BUILDING CONTROL***

***

**BKN020/12/2020**
**CLIENT SERVICES CHARTER: BERGRIVIER MUNICIPALITY**
**2/1**
***('n Gewysigde aanbeveling word ter tafel gelê, soos voorheen elektronies versprei – Bylae D)***

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Wessels lei die item kortliks in en hou die aanbeveling voor.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die verslag ten opsigte van die gewysigde "Client Services Charter: Bergrivier Municipality".

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**BKN021/12/2020**
**KRITIESE PERSONEELBEHOEFTES WAT DIENSLEWERING KORTWIEK TEGNIES**
**4/3/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Wessels lei die item kortliks in en hou die aanbeveling voor.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die verslag ten opsigte van die kritiese personeelbehoeftes wat dienslewering kortwiek in die Tegniese Direktoraat vir gedeeltelike infasering in toekomstige begrotings.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**BKN022/12/2020**
**BEHUISINGSBEPLANNING IN REDELINGHUYS EN AURORA**
**17/5/2/2**
***('n Gewysigde aanbeveling word ter tafel gelê, soos voorheen elektronies versprei – Bylae E)***

Die Bestuurder: Gemeenskapsfasiliteite gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking en hou die aanbeveling voor.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**RESOLUTIONS**

1. That the Executive Mayoral Committee take note of the report;
2. That the possibility of acquiring Erf 205 be investigated; and
3. That the possibility of providing alternative types of services to the identified sites be investigated as soon as possible.

***DIRECTOR COMMUNITY SERVICES***

***

***Die Bestuurder: Gemeenskapsfasiliteite verlaat om 11:30 die vergadering na afhandeling van item BKN020)***

**BKN023/12/2020**
**FEESSEISOEN OPERASIONELE PLAN**
**17/11/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy lei die item kortliks in en hou die aanbeveling voor, waarna verdere kommentaar gelewer word deur die Voorsitter.

Die Munisipale Bestuurder versoek dat oortyd uitgawes binne die goedgekeurde begroting bestuur/gefinansier moet word.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die operasionele plan rakende die Verkeers- en Wetstoepassingsafdeling vir die feesseisoen.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE***

***

**BKN024/12/2020**
**HUURMOTOR VERENIGINGS EN DIE PROVINSIALE REGULERINGS ENTITEIT**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy lei die item kortliks in en hou die aanbeveling voor.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na bystand wat gelewer kan word deur Provinsiale Verkeersdienste by padblokkades rakende die padwaardigheid van voertuie en dat gesprekke geïnisieer word met die huurmotors-eienaars rakende die vervoer/oplaai/aflaai van passasiers in dorpe.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die verslag rakende die rol en verantwoordelikheid van Bergrivier Munisipaliteit ten opsigte van skakeling met die Huurmotor-komitees en die Provinsiale Regulerings Entiteit.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE***

***

**BKN025/12/2020**
**EUNOMIA COMPLIANCE REPORT: NOVEMBER 2020**
**12/2/2/21**

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in en hou die aanbeveling voor.

Die Direkteur Tegniese Dienste onderneem om die uitstaande aksie, in die verslag af te handel.

**RESOLUTION**

That the Executive Mayoral Committee take note of the monthly Eunomia compliance reports for November 2020.

***INTERNAL AUDITOR***

***

**BKN026/12/2020**
**PIKETBERG GHOLFBAAN**
**7/2/2/3**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item kortliks in en hou die aanbeveling voor.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede en

**BESLUIT**

1. Dat die status van die Piketberg Gholfbaanklub ondersoek word aan die hand van ‘n regsopinie;

2. Dat die status van die Piketberg Gholfbaan se grondgebruik en die kontrak daarvoor ondersoek word;

3. Dat Suid-Afrikaanse Polisiediens en Wetstoepassingsbeamptes betrek word om die onwettige aktiwiteite by die Piketberg Gholfbaan te monitor en te beveilig;

4. Dat die Piketberg Gholfbaan as ‘n brandpunt (“hot spot”) deurgegee word aan die Departement Gemeenskapsdienste vir wetstoepassings-doeleindes; en

5. Dat die Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur ‘n volledige verslag saamstel en voorlê rakende uitoefening rakende die voorkoopsreg deur Bergrivier Munisipaliteit van Piketberg Gholfbaan.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE***

***BESTUURDER: BEPLANNING & OMGEWINGSBESTUUR***

***

**BKN027/12/2020**
**INFORMELE HANDELSBELEID**
**14/B**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy lei die item in, waarna die Munisipale Bestuurder bevestig dat die uitstaande kommentaar vanaf die Munisipale Bestuurder en Direkteure opgeneem moet word in die Konsep Informele Handelsbeleid alvorens die Uitvoerende Burgemeesterskomitee dit kan oorweeg.

Verder stel sy voor dat die Direkteur Gemeenskapsdienste die konsep beleid opdateer en voorlê vir bespreking by die volgende vergadering van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

**BESLUIT**

Dat die Direkteur Gemeenskapsdienste die konsep Informele Handelsbeleid opdateer en voorlê by die volgende virtuele vergadering van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, soos geskeduleer vir Maandag 14 Desember 2020.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE (14/12/2020)***

***

**BKN028/12/2020**
**NOTULES VAN DIE GEMEENSKAPSDIENSTE KOMITEE VIR KENNISNAME: DINSDAG 03 MAART 2020, DINSDAG 04 AUGUSTUS 2020, DINSDAG 01 SEPTEMBER 2020 EN DINSDAG 06 OKTOBER 2020**
**9/1/2**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notules van die Gemeenskapsdienste Komitee se vergaderings wat gehou is op Dinsdag 03 Maart 2020, Dinsdag 04 Augustus 2020, Dinsdag 01 September 2020 en Dinsdag 06 Oktober 2020, soos voorgelê.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE***

***

**BKN029/12/2020**
**NOTULES VAN DIE TEGNIESE DIENSTE KOMITEE VIR KENNISNAME: DINSDAG 03 MAART 2020, DINSDAG 04 AUGUSTUS 2020, DINSDAG 01 SEPTEMBER 2020 EN DINSDAG 06 OKTOBER 2020**
**9/1/2**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notules van die Tegniese Dienste Komitee se vergaderings wat gehou is op Dinsdag 03 Maart 2020, Dinsdag 04 Augustus 2020, Dinsdag 01 September 2020 en Dinsdag 06 Oktober 2020, soos voorgelê.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**BKN030/12/2020**
**NOTULES VAN DIE KORPORATIEWE DIENSTE KOMITEE VIR KENNISNAME: WOENSDAG 04 MAART 2020, WOENSDAG 05 AUGUSTUS 2020, WOENSDAG 02 SEPTEMBER 2020 EN WOENSDAG 07 OKTOBER 2020**
**9/1/2**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notules van die Korporatiewe Dienste Komitee se vergaderings wat gehou is op Woensdag 04 Maart 2020, Woensdag 05 Augustus 2020, Woensdag 02 September 2020 en Woensdag 07 Oktober 2020, soos voorgelê.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**BKN031/12/2020**
**NOTULES VAN DIE FINANSIËLE DIENSTE KOMITEE VIR KENNISNAME: WOENSDAG 04 MAART 2020, DONDERDAG 06 AUGUSTUS 2020, DONDERDAG 03 SEPTEMBER 2020 EN DONDERDAG 08 OKTOBER 2020**
**9/1/2**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notules van die Finansiële Dienste Komitee se vergaderings wat gehou is op Woensdag 04 Maart 2020, Donderdag 06 Augustus 2020, Donderdag 03 September 2020 en Donderdag 08 Oktober 2020, soos voorgelê.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**BKN032/12/2020**
**NOTULES VAN DIE EKONOMIESE ONTWIKKELINGSKOMITEE VIR KENNISNAME: WOENSDAG 05 AUGUSTUS 2020, WOENSDAG 02 SEPTEMBER 2020 EN WOENSDAG 07 OKTOBER 2020**
**9/1/2**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notules van die Ekonomiese Ontwikkelingskomitee se vergaderings wat gehou is op Woensdag 05 Augustus 2020, Woensdag 02 September 2020 en Woensdag 07 Oktober 2020, soos voorgelê.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**BKN033/12/2020**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN034/12/2020**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN035/12/2020**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Geen

***

**BKN036/12/2020**
**IN-KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

**BKN037/12/2020**
**IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

**BKN038/12/2020**
**IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

---

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 11:50*

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG ‘N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________________ ___________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***